
# OLOFF DIE SEEROWER

No. 3



Oloff sit regop teen die vat naaste aan 'n venster. Bo-op lê 'n kanonkoeël. Hy kyk eers of daar nie 'n blik kruit anderkant is nie en druk dan die koeël af deur dit met sy wang te stoot. Dan woel hy sy vingers onder die rand van die vat in en keer dit om. Hy probeer die val breek deur met sy rug daarteen te leun en slaag gedeeltelik. Nogtans knyp hy sy oë toe en sug as dit omrol en stil lê. 'n Harde slag mag dit laat ontplof.


Hy rol daarteen en met sy liggaam stuur hy dit na die muur toe. Sodra hy onder die venster is, sit hy weer orent. Dit is die enigste manier waarop hy sy liggaam kan buig.

Hy kry die vat met sy vingers beet, maar dan sit hy dadelik weer terug. Omdat hy sy bene nie kan buig nie, het hy geen stootkrag nie. Hy sal die vat nie weer kan regop kry nie.

Stofomslag: Chris du Plooy

# OLOFF DIE SEEROWER

No. 3



# Hoofstuk 1

Kaptein Gascon Dumont voel opgewek en tevrede. Hy salueer 'n paar wagte op die muur en stap agter die ry kanonne—waarvan die lope deur die geskutpoorte oor die baai uitloer—verby tot op die hoek van die fort. Hier gaan staan hy teen die lae kantmuur en kyk oor die see uit. Die strale van die laat namiddagson skyn vol op die seile van 'n skip wat ongeveer vyf myl van die hawemond af aankom. Verder weg in die dynserigheid onderskei hy 'n tweede skip. Hy sal hier wag totdat die eerste van die naderende skepe die baai binnevaar. Daarna sal dit tyd wees vir sy bestelling—aandete by die goewerneur se woning. Met opgewondenheid sien hy daarna uit, want daar sal hy weer sy beminde, Minette de Rouxleigh, ontmoet.

Fort Louis is 'n Franse vesting aan die ooskus van Afrika. As handelspos is dit baie werd, want dit is uiters strategies geleë. Dit is nie moeilik vir die Franse skepe wat met die Ooste handel dryf om hier aan te doen nie. Verder is dit 'n volmaakte skuilplek waar die handelsvaarders herberg kan soek om die aanvalle van die talle seerowerskepe wat die handelsroetes na die Ooste gedurig bedreig, te ontwyk.

Fort Louis lê aan die mond van die Nantezi wat uit die donker oerwoude van Midde-Afrika vloei. Weerskante van die baai is die kus met rotse bestrooi en ontoeganglik. Die enigste weg na die binneland hierlangs is deur die riviermond en deur die poort in die heuwels agter Fort Louis. Die nedersetting is dus inderdaad 'n rotsvaste vesting; dit het dan ook reeds verskeie aanvalle van kaperbote met gemak weerstaan.

Laasgenoemdes is eintlik die enigste gevaar vir die inwoners ı Fort Louis. Gascon Dumont aanskou die naderende skepe eı. oorweeg die moontlikheid dat hulle wel seerowers—die skuim van die see!—kan wees. Dit hinder hom egter nie baie nie. Die kanonne van die fort hier hoog teen die rant op die oewer van die riviermond kan die aanvallers wat deur die aard

van die kus in daardie nou ruimte gedwing word, met 'n enkele sarsie die dieptes instuur.

Hy kyk oor die paar groot skure onder langs die water. Hy kyk na die lieflike wonings hoër op teen die heuwel. In die pragtige tuine wat die goewerneur laat aanlê het, sien hy die dak van die goewerneurswoning. Dit is dáár dat Minette de Rouxleigh, enigste dogter van die skatryk graaf De Rouxleigh, op die oomblik by haar oom kuier. Gascon is self die jongste seun van 'n edelman—die comté Dumont—anders sou hy nie die vermetelheid gehad het om by Minette besoek af te lê nie.

,,Kaptein.''

Gascon Dumont skrik effens, want sy gedagtes was elders. Hy draai om en knik vir een van die luitenante wat op aandag staan.

,,Ja, Le Roy?'' verneem hy vriendelik.

,,Die voorste skip het 'n boodskap oorgesein.''

,,Wat is dit?''

,,Blykbaar word hy deur die kaperboot agtervolg. Hy versoek skuiling. Hy vra of hy die hawe mag binnevaar.''

,,Natuurlik, Le Roy. Sein terug dat hy welkom is. Watter besonderhede het hy gegee?''

,,Dit is 'n Hollandse boot, kaptein, op pad terug van Batavia.

Dumont maak 'n gebaar met sy hand en die luitenant draf weg. Dan kyk hy terug na die baai. Hy kan nou selfs die bemanning op die dek van die voorste skip sien. Dit lyk na 'n vinnige boot. 'n Oomblik wonder hy of die skip dan nie met gemak die kaperboot kon voorgebly het nie. Dan soek sy oë langs die sy van die skip, maar nêrens sien hy 'n geskutpoort nie. Moontlik is hulle toe en kan hy hulle net nie onderskei nie. Daar is nie te veel matrose op die dek nie. Miskien het die kaptein 'n terugslag gehad met sy bemanning en is dit die rede waarom hy dit nie wil waag om in die oop see onder die seerowerskuit te probeer uitvaar nie.

Hy hoor 'n geluid agter hom en as hy hom omdraai, is Le Roy reeds weer daar. Hy wag op bevele.

,,Roep die garnisoen uit,'' gebied Dumont. ,,Stuur 'n boodskapper die dorp in om almal met vry passe terug te roep. Beman



die kanonne en wees gereed. My eerlike mening is dat die seerower dit nie te naby sal waag nie. Doen hy dit egter, steek jy hom eenvoudig onder die grofgeskut. Is dit duidelik?''

,,Heeltemal, kaptein.'' Die luitenant aarsel. ,,En waar sal die kaptein wees?''

,,Bring my 'n teleskoop. Sodra ons heeltemal oortuig is van die identiteit van die agtervolger, gaan ek af kaai toe om by die Hollandse kaptein te verneem wat gebeur het. Ek dink nie jy het my hulp nodig nie, Le Roy. Een skip is nie eintlik 'n gevaar nie, nie waar nie?''

Die luitenant lag opgewek. Hy voel tevrede oor die vertroue wat in hom gestel word. 'n Paar oomblikke later het hy 'n teleskoop laat haal.

Dumont beskou die agterste skip noukeurig. Dit duur nie lank voor hy die wapperende vlag aan die mas kan onderskei nie. Dit het inderdaad die gevreesde seerowerstempel daarop. Hy haal sy skouers op. Hy oorhandig die teleskoop aan Le Roy en kyk dan na die handelsvaarder wat juis op daardie oomblik onderkant die fort verby gly en sy weg deur die stadig vloeiende waters van die rivier na die landingsplek toe baan. Die boonste seile word reeds vinnig neergehaal.

Hy roep haastig oor die kantmuur na benede en versoek dat sy perd gereed gehou word. Dan gaan hy met die kliptrap af na die binneplaas van die fort.

'n Paar oomblikke later het hy die pragperd bestyg en galop hy by die poort uit. Buite, voordat hy regs met die gruispad afdraai na die dorp toe, kyk hy weer oor die see uit. Die kaperboot skaars 'n myl van die riviermond af. Hy wonder wat die seerowers se plan is.

Op 'n gemaklike drafstappie ry hy teen die heuwel af. Op die stoepe van 'n paar huise is daar van die handelaars en ander inwoners van Fort Louis wat ook die naderende skepe dophou. Hulle wuif en hy wuif vriendelik terug. 'n Paar roep uit om uit te vind wie die besoekers is. Hy deel hulle mee dat hy self op pad is om te gaan vasstel.

Hy ry tussen 'n groot skuur en 'n pakkamer deur. Die waterkant is nou maar net 'n paar honderd tree voor hom.

Meteens ruk hy hard aan die teuels en bring die perd tot stilstand.

Die Hollandse skip lê vlak voor hom. Uit ses gapende geskutpoorte en bo-oor die boordwand steek altesaam twaalf kanonlope!

Skaars het hy hierdie verskynsel waargeneem, en nog voor–dat hy mooi tot verhaal kom, of dit is asof die aarde om hom oopskeur van die knal van die geskut. Donker rookwolke dwarrel tussen die touwerk en seile op. Die hele skip bewe van die slag en maak klein branders wat teen die wal klots.

Stadig dring die toedrag van sake tot Dumont deur. Selfs voordat hy die woeste geskreeu van die wilde seerowers hoor, besef hy watter streep hulle getrek is. Albei is natuurlik seerowerskepe, hulle werk saam. Asof sy gedagtes bevestig word, kom daar 'n donderende geknal van 'n sarsie kanonskote van die hawemond se kant af. Onwillekeurig kyk Dumont om na die fort toe.

Hy knyp sy oë styf toe. Die verwoesting is erger as wat hy verwag het. Daar is 'n paar gapende skeure in die voorste muur en een van die torings is nie meer daar nie

Rondom hom is daar verbaasde uitroepe. Hy hoor die gille van vrouens. Niemand verstaan natuurlik nog wat aan die gang is nie. Oor die relings van die seerowerskip swerm die gespuis. 'n Paar bote is neergelaat, maar die meeste klim teen toulere af tot op die kaai. Agter hulle bulder die kanonne weer. Dumont besef dat die twee skepe 'n paar sarsies sal kan afskiet voordat die bemanning van die fort herstel het—en teen daardie tyd sal daar heel waarskynlik maar min van die vesting oorbly.

Hy ruk woes aan die teuels. Die perd spring om en onderwyl Dumont die spore in sy sy kap, trek die dier in 'n woeste galop weg teen die heuwel op in die rigting van die goewerneurswoning. 'n Paar soldate wat deur die boodskapper opgeroep is, hardloop verskrik by hom verby. Hy keer hulle voor.

,,Pierre!'' roep hy die een toe. ,,Hardloop vir al wat jy werd is na die fort toe. Sê vir luitenant Le Roy om met elke beskikbare man na die goewerneur se huis toe te kom. Julle ander, volg my dadelik daarheen!''



Sonder om te wag en te kyk of hulle gehoorsaam, jaag hy verder. Agter hom is daar pistoolskote. Hy hoor die geskreeu van die seerowers meng met die vreesbevange krete van mans en vrouens. By die meeste geboue borrel nou mense uit. Hulle hardloop blindelings straat op—weg van die waterkant af.

Dan dreun dit weer as die kanonne opnuut lostrek. Hy hoor die gesing van die kanonkoeëls; en dan skeur en klap dit tussen die geboue hier langs hom. Een van die swaar koeëls ploeg in die straat op en 'n paar van die vlugtendes word teen die grond geslinger. 'n Dik stofwolk slaan uit die pad op en Dumont jaag in volle vaart daardeur. Dit is skaars 'n kwartmyl na die goewerneur se huis. In die dorp agter hom is daar nou 'n oorverdowende rumoer. Die tweede skip het ook anker gegooi en nog 'n sarsie word tussen die huise in afgevuur. Oral knetter pistoolskote en hier en daar waar die inwoners hul probeer verdedig, is daar die gekras van swaarde.

By die hek in die ringmuur voor Dumont staan twee wagte. Hulle staar verskrik teen die heuwel af.

,,As die vlugtelinge hier aankom, laat hulle deur!'' bulder Dumont. ,,Stuur hulle na die buitegeboue toe. En jy,'' gebied hy die een, ,,gaan maak die goewerneur se magasyn oop. Deel wapens uit. As die garnisoen opdaag—wat van hulle oor is—laat hulle na die woonhuis self kom. Ek sal daar wees.'' Sonder meer jaag hy met die oprypad op. Weerskante van hom is daar 'n lang ry bome en daaragter die tuine om die huis. Op die voorwerf is 'n paar van die bediendes. Hulle hardloop vreesbevange en besluiteloos rond.

,,Gaan in! Sluit die vensters en deure en pak al die meubels daarteen. Haastig!'' Dumont herken die goewerneur se persoonlike wag. ,,Neem jy bevel,'' gebied hy die man, ,,èn maak gou.''

Op die balkon bokant die groot voordeur van die swierige gebou staan sy Eksellensie en Minette de Rouxleigh. Gascon wuif en swaai uit die saal. Hy hardloop met die treetjies op tot in die voorportaal, dan met die breë draaitrap op tot in die boonste sitvertrek waarvandaan die dubbele glasdeure op die balkon uitloop. Die goewerneur en sy niggie het reeds binnegekom.

,,Wat gaan aan, Gascon?" roep Sy Eksellensie besorg uit. Minette kom intussen tot by Dumont en neem sy hand onderwyl sy met haar donker oë vraend in syne staar.

,,Seerowers, Eksellensie!" roep Dumont uit. ,,Hulle het ons liederlik om die bos gelei. Ek was aan die slaap!"

,,Maar wat het gebeur, man?"

,,Die voorste het hom voorgedoen as 'n handelsvaarder wat deur 'n kaperboot agtervolg word. Daar was nie tyd om ondersoek in te stel nie. Ek was verplig om die skip te laat binnekom. Onderwyl ons aandag op die seerower gevestig was, het die kastige handelskip op ons losgetrek. Hulle stroom nou reeds die dorp binne. Binnekort sal hulle hier wees. Ons moet vlug, Eksellensie.

,,Vlug?" Die goewerneur staar die kaptein 'n rukkie verbaas aan. ,,Wat bedoel jy?"

,,Ons sal almal vermoor word!" roep Gascon desperaat uit. ,,Daar is te veel van hulle. Hulle sal ons oorweldig. U moet dadelik perde gereed kry. Ons moet die binneland invlug."

,,En my mense?"

,,Eksellensie," sê Dumont streng, ,,u is my eerste verantwoordelikheid. U en. . . en Minette."

,,Minette?" Die goewerneur kyk na sy niggie. Dan skud hy sy kop stadig. ,,Jy was reg, Gascon. Maak die perde gereed."

Dumont storm op die balkon uit. Oor die toppe van die bome langs die rylaan kan hy die verwoeste dorp daar onder sien. Halfpad teen die bult uit is daar 'n gemaal en gewemel van mense. Die seerowers het baie van die dorpsmense ingehaal. Hulle betoon geen genade nie.

Links van hom is daar die gedreun van perdehoewe. 'n Sestal soldate kom in volle vaart aangejaag na die huis toe. Gascon skree dat hulle die huis moet binnekom en toesig hou oor die verskansingswerk by die deure en vensters.

Hy gaan terug. Die goewerneur is aan die bo-ent van die trap. Hy roep sy lyfwag.

,,Ons kan van die garnisoen se perde neem, Eksellensie," deel Gascon hom mee. ,,Hulle staan gereed hier onder. Kom, Minette. Daar is nie 'n oomblik om te verspil nie."



Sy staan nog in die middel van die sitkamer. Dit is asof sy huiwer.

,,Wat is dit, Minette?" roep hy dringend uit. ,,Waarom wag jy?"

,,Dit is net oor my dat jy vlug, Gascon," sê sy sag. ,,Jou plig en ook dié van oom André is hier. Julle kan die mense nie hier alleen laat. . ."

,,Daar is niks wat ons daaraan kan doen nie, Minette. Kom nou gou."

Gascon hardloop na haar toe. Hy neem haar aan die hand en trek haar feitlik met die trap af. Die goewerneur volg hulle. Onder in die groot voorportaal word tafels en stoele voor die groot vensters opgestapel. Die voordeur is nog oop. Sonder 'n woord aan die ander hardloop hulle op die stoep uit en met die treetjies af. Gascon se eie perd sowel as dié van die soldate staan nog voor die stoep.

Dumont help Minette de Rouxleigh in die saal. Sy sit egter ongemaklik en hy swaai haar dus weer af en lei haar na sy perd toe. Reeds het die goewerneur een van die ander perde bestyg.

Dan is daar 'n geskreeu van die poort se kant af. Gascon swaai daarheen om. . . Deur die hek borrel 'n hele boel van die seerowers! Selfs van daar af al trek hulle los. Die koeëls sing by Gascon-hulle verby. Een van die perde word getref en hy runnik hoog en skril.

Dumont gryp die meisie om die middellyf. Sodra haar voete grondvat, sleep hy haar agter hom aan. 'n Paar oomblikke later is hulle almal terug in die voorportaal. Die deure word toegestamp en 'n paar swaar kiste word daarteen geskuif.

Gascon kyk om hom heen. die soldate is almal daar—ses van hulle. Verder tel hy sewe bediendes en 'n paar vrouens. Van die buitegebou se kant af hoor hy die geknetter van geweervuur. Van daardie kant af is die verdediging dus reeds aan die gang.

Vinnig roep hy bevele uit. Hy plaas 'n paar man by elke venster en deur. Die ander stuur hy na ander punte in die gebou. Dan trek hy Minette terug sodat hulle in die middel van die voorportaal is. Hiervandaan sal hy sy bevele beter kan gee—maar ook sal hy hiervandaan makliker kan terugval!

Dit is vir hom onmoontlik om vas te stel hoeveel van die seerowers daar is. Net een keer gaan hy nader en kyk by 'n venster uit. Dit kom hom voor asof die ganse terrein oorstroom is. Van binnekant af het die verdedigers nou begin skiet. Die soldate korrel skaars. 'n Rukkie later is die portaal met skerp rookdampe gevul. Gascon kug. Hy neem self stelling in en vuur sy pistole vinnig af. Dan tree hy terug onderwyl hy die lope afskroef en vinnig herlaai.

„Hulle is teen die muur aan, kaptein!" roep een van die soldate uit. „Ons kan hulle nie meer sien nie. Hulle druk teen die deur."

„As hulle deurbars," gebied Gascon hard, „val ons almal met die trap op terug. Daar bo staan ons dalk 'n kans om ons 'n rukkie te verdedig."

Hy hou die deur dop. Van buite af word geweldige druk daarop uitgeoefen. Meteens is daar 'n harde stamp wat in die portaal weergalm. Duidelik sien hy die deure beweeg. Hy staan terug en neem Minette aan die hand. In sy regterhand is 'n ontblote swaard. In sy gordel steek twee gelaaide pistole.

Weer is daar die luide slag, en dan lyk dit asof die deur in twee geskeur word. Die kiste en ander meubels word oor die vloer teruggeslinger deur die instromende klomp skreeuende woestaards.

Reeds het Dumont, met Minette aan die hand en gevolg deur die goewerneur, met die trap op begin hardloop. Agter hulle aan streep die bediendes en soldate. Skaars het Dumont die bopunt bereik of die onderstes word genoodsaak om om te draai en hulle te verdedig. Dumont druk Minette die sitkamer in en staan dan stil sodat die ander by hom kan verbykom. Uiteindelik is dit net hy en die vier oorblywende soldate wat bo-aan die trap staan. As die eerste seerower om die draai van die trap storm, vuur hy albei pistole af. Dit stuit die stroom skaars 'n sekonde. Dan skuur sy swaard teen die sabel van 'n bebaarde seerower. Hy sien die moordlus in die man se oë. Vinnig, sekuur swaai hy sy wapen om en 'n oomblik later deurboor hy die man. Dadelik is twee ander op hom. Noodgedwonge moet hy terugval. Twee van die soldate langs hom slaan sonder 'n geluid neer. Die



bediendes en die goewerneur se lyfwag het intussen nader gekom. Die verdedigers vorm 'n halwe kring, maar elke oomblik word hulle dieper in die sitkamer teruggedryf.

Gascon Dumont probeer beweeg na die plek waar hy Minette de Rouxleigh laas gesien het. Daar is minstens drie van die seerowers wat hom besig hou.

Dan sien hy hoe twee van hulle terugspring. In hul plek verskyn twee ander. Dumont se oë vernou. Dit is asof hy meteens besef dat hy hier met die kapteins van die twee seerowerskepe te doen het.

Hy sien twee jong mans. Hulle gesigte lyk beskaaf. Albei is lig en het blonde hare—en om albei se mond is daar 'n onmiskenbare glimlag van oorwinning. Dit wil amper voorkom asof die twee heeltemal op hul gemak en nog fris en vol energie is. Hulle lyk meer soos manne wat aan die een of ander sport deelneem—nie aan die bloedbad wat hulle hier aanrig nie.

„Het jy gesien wat agter hierdie jong kaptein staan, Meert?" roep die een uit.

Die ander lag onderwyl hy 'n vinnige swaardsteek op Dumont mik.

„Al het ons net vir haar hier gekry, dan was dit reeds die moeite werd, Jorrit," antwoord die ander.

Gascon voel die bloed in sy kop styg. Wild, amper blind, slaan hy sy swaard heen en weer voor hom. Binne-in hom kruip die magteloosheid op. Daar is meteens 'n pyn in sy regterskouer. Hy voel hoe sy vingers die hef van die swaard nie meer kan vashou nie. Dit word swart voor hom en hy kantel om. Sy laaste indruk is die gil van 'n meisie en die een seerowerkaptein se bewonderingskreet:

„Sy is 'n fortuin werd, Jorrit!"